

BLY
'N SCRIPTURE & SOIL BYBELSTUDIE
In Hom.
By Hom.
Vir 'n lewe wat
vrug dra.
IN CHRISTUS BLY
VIR 'N LEWE WAT VRUG DRA
CINDY ENSLIN
SCRIPTURE & SOIL
DIEP WORTELS • WARE LEWE



BLY

'N SCRIPTURE & SOIL BYBELSTUDIE

Welkom

Daar is 'n uitnodiging wat soos 'n goue draad deur die verhaal van dissipelskap loop. Voordat Jesus Sy dissipels gevra het om Sy boodskap uit te dra, vrug te dra of deel te neem aan Sy sending, het Hy hulle na Homself geroep.

"VOLG MY."

Hy het hulle genooi om saam met Hom te wandel, na Hom te luister, by Hom te leer en die lewe met Hom te deel. Markus vertel dat Jesus die Twaalf eerstens aangestel het "sodat hulle by *Hom kon wees*" en daarna dat Hy hulle sou uitstuur.

TEENWOORDIGHEID VOOR SENDING VOORAFGEGAAN.

En later, toe Jesus Sy dissipels voorberei het op wat voorgelê het, het Sy uitnodiging selfs dieper geword:

"BLY IN MY."

Die Een wat hulle eerste geroep het om Hom te volg, het hulle nou geroep om te bly.

BLY is 'n uitnodiging om te ontdek wat dit beteken. Dit is 'n reis deur die woorde van Jesus in Johannes 15 en deur die groter Bybelse verhaal rondom hierdie woorde. Saam sal ons die Vader ontdek wat ons na die Seun trek, die Wingerdstok wat die bron van ons lewe word, en die Vader wat liefdevol Sy lote versorg sodat hulle vrug kan dra.

Ons gaan kyk na bly in Christus, snoei, vrugbaarheid, liefde, gehoorsaamheid, gebed, vreugde en sending. Maar onder elkeen van hierdie temas lê een eenvoudige waarheid:

DIE CHRISTELIKE LEWE WAS NOOIT BEDOEL OM LOS VAN CHRISTUS GELEEF TE WORD NIE.

Ons bly nie in Jesus totdat ons sterk genoeg is om weg te gaan nie.
Ons bly wanneer Hy ons vorm.
Ons bly wanneer Hy ons snoei.
Ons bly wanneer die lewe moeilik is.
Ons bly wanneer vrug begin groei.
En selfs wanneer Hy ons uitstuur, bly ons.

My gebed is dat hierdie studie jou nie net sal help om Johannes 15 dieper te verstaan nie, maar dat dit jou sal bring tot 'n dieper bewussyn van die Een wat sê:

"BLY IN MY."

Kom ons maak Sy Woord oop, raak stil, en leer wat dit beteken om te bly.

IN HOM.
BY HOM.
VIR 'N LEWE
WAT VRUG DRA.

Cindy Enslin
SCRIPTURE & SOIL

Scripture&Soil * Preview

BLY

'N SCRIPTURE & SOIL BYBELSTUDIE

Inleiding

GEROEP NA HOM. GENOOI OM TE BLY.

1 DIE VERHAAL BEGIN BY GOD

Die verhaal van bly in Christus begin nie by 'n loot wat probeer vrug dra nie. Dit begin by God. Regdeur die Skrif is God die Een wat die inisiatief neem. Jesus sê in Johannes 6:44 dat niemand na Hom toe kan kom tensy die Vader wat Hom gestuur het, hom trek nie.

Genade beweeg eerste.

2 GEROEP OM BY HOM TE WEES

Toe Jesus Sy dissipels begin roep het, het Hy nie begin deur vir hulle 'n sendingopdrag of 'n lys take te gee nie. Hy het gesê:

"Volg My."

MARKUS 1:17

Markus 3:14 gee vir ons 'n besondere blik op hierdie roep. Jesus het die Twaalf aangestel "sodat hulle by Hom kon wees" en sodat Hy hulle kon uitstuur om te preek. Let op die volgorde.

BY HOM. DAN UITGESTUUR.

Dissipelskap het met nabyheid begin.

3 'N LEWE WAT BLY

Naby die einde van Sy aardse bediening het Jesus Sy dissipels bymekaargeroep en vir hulle 'n beeld gegee wat gewys het hoe volkome afhanklik van Hom hulle altyd sou bly: 'n wingerdstok en sy lote.

"Bly in My, en Ek in julle."

JOHANNES 15:4

'n Loot ontvang nie vir 'n tyd lank lewe van die wingerdstok en word dan onafhanklik nie. Sy lewe bestaan omdat hy verbind bly. Sy groei kom uit daardie verbondenheid. Sy vrug kom uit daardie verbondenheid. En as hy van die wingerdstok afgesny word, word hy nie onafhanklik nie — hy verdor.

4 MEER AS 'N TAAK

Die Christelike lewe was nooit bedoel om los van Christus geleef te word nie. Ons kan maklik begin om die Christelike lewe te sien as [illegible] Jesus ons red, ons leer, ons versterk — en ons dan uitstuur om dinge vir Hom te gaan bereik.

Maar die beeld wat Jesus vir ons gee, is radikaal anders.

ONS WORD NOOIT VAN DIE WINGERDSTOK AF WEGGESTUUR NIE.

Ons word deur Hom geroep, in Hom gevorm, deur Hom gestuur — en ons bly vanuit Hom leef.

5 DIE DOEL VAN DISSIPELSKAP

Christelike volwassenheid beteken nie dat ons al hoe meer onafhanklik van Jesus word nie. Dit beteken dat ons afhanklikheid van Hom verdiep.

Dit verander hoe ons vrugbaarheid, snoei, gehoorsaamheid, liefde, gebed, vreugde en sending verstaan. Hierdie dinge is nie losstaande Christelike pligte nie. Dit vloei voort uit 'n lewe wat al hoe meer deur gemeenskap met Christus gevorm word.

Ons bly nie totdat ons gereed is
om uitgestuur te word nie.
Ons word uitgestuur omdat ons bly —
en ons bly terwyl ons gaan.

Die doel van dissipelskap was nooit om sterk genoeg te word om sonder Hom te leef nie. Die doel was nog altyd 'n lewe wat uit Hom vloei.

"Bly in My."

JOHANNES 15:4

Scripture & Soil * Preview

1

GETREK NA *Hom*

GENADE KOM VOOR ONS ANTWOORD

JOHANNES 6:37–45 | JOHANNES 15:16

Voordat daar 'n besluit was om te volg, was God reeds aan die werk.

Jesus maak 'n merkwaardige uitspraak in Johannes 6:

> *"Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie."*
>
> JOHANNES 6:44

Die Christelike verhaal begin nie by die mens wat suksesvol na God soek nie. Dit begin by God wat die inisiatief neem. Die Vader trek ons na die Seun. Dit is baie belangrik vir ons verstaan van wat dit beteken om in Christus te bly, want om te bly begin nie by ons vermoë om styf gnooeg aan Jesus vas te hou nie. Dit begin by genade — by God wat na ons toe beweeg voordat ons ooit na Hom toe beweeg.

DIE VADER GEE.
DIE VADER TREK.
ONS KOM.
JESUS ONTVANG.

Genade is reeds daar voordat ons antwoord.

1 DIE VADER TREK

Die woord wat in Johannes 6:44 met "trek" vertaal word, is die Griekse woord *helkō*, wat beteken om te trek, nader te bring of aan te trek. In Johannes 6 verduidelik Jesus waarom ons koms na Hom uiteindelik afhanklik is van die Vader se werk. Net 'n [illegible] verse vroër sê Hy:

> *"Almal wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie."*
>
> JOHANNES 6:37

Let op die beweging:

DIE VADER GEE → DIE VADER TREK
ONS KOM → JESUS ONTVANG

Genade kom voor ons antwoord. Dit beteken nie dat ons antwoord betekenisloos is nie. Jesus praat steeds van *kom*, glo, hoor en leer. Maar onder ons antwoord lê God se genadige inisiatief. Ons bewerk nie self ons weg tot in 'n verhouding met Christus nie. Ons antwoord op die God wat ons eerste nader trek.

DIT BEGIN BY GOD.

DIE VADER TREK ONS NA DIE SEUN.

GENADE KOM EERSTE.

DELF DIEPER

Lees Johannes 6:37–45 stadig.

Let op elke handeling wat aan die Vader toegeskryf word, elke handeling wat aan Jesus toegeskryf word, en elke reaksie wat beskryf word van die persoon wat kom.

Vra dan:

> *"Wat leer hierdie gedeelte my oor waar my verhouding met Jesus werklik begin?"*

2 GEKIES VOOR VRUGBAARHEID

Die selfde patroon verskyn weer in Johannes 15. Later, nadat Jesus vir Sy dissipels gesê het om in Hom te bly en vrug te dra, herinner Hy hulle:

> *"Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrug te dra..."*
>
> JOHANNES 15:16

Daardie volgorde is belangrik. Jesus sê nie: Dra genoeg vrug, en dan sal Ek julle kies nie.

DIE KIES KOM VOOR DIE VRUG.
DIE VERHOUDING KOM VOOR DIE RESULTAAT.
GENADE KOM VOOR VRUGBAARHEID.

En dit beskerm die lewe van bly in Christus daarvan om nog 'n vorm van geestelike prestasie te word.

BLY is nie:
"Bly goed genoeg, bid genoeg, gehoorsaam genoeg en dra genoeg vrug sodat Jesus jou sal behou" nie.

Dit begin op 'n heel ander plek:

Hy het geroep. Hy het gekies.
Die Vader het getrek. Ons het gekom.

3 VAN GETREK WORD TOT BLY

Die Vader trek ons na die Seun. Jesus roep ons na Homself. Die dissipels word aangestel om by Hom te wees. En dan sê Jesus:

"Bly in My."

Die rigting het deurgaans merkwaardig dieselfde gebly:

NA HOM. BY HOM. IN HOM.

Om te bly is nie bloot 'n Christelike dissipline wat ons by ons lewens voeg nie. Dit is die voortgaande houding van 'n lewe wat in 'n verhouding met Christus ingetrek is.

En miskien verander dit die manier waarop ons die uitnodiging hoor: "Bly in My." Dit is nie die stem van 'n God wat ver weg staan en eis dat ons op een of ander manier ons weg na Hom toe moet vind nie. Dit is die stem van die Een na wie die Vader ons reeds getrek het, wat sê:

"BLY HIER."

Scripture & Soil * Preview



2

GEROEP NA Hom

VOLG MY

— MARKUS 1:16–20 | MATTEUS 4:18–22 | LUKAS 5:1–11

Jesus het nie met 'n lys reëls, 'n opleidingsprogram of 'n missieverklaring begin nie.
Hy het met 'n uitnodiging begin:

> "Volg My."
>
> MARKUS 1:17

Die roep om te volg, was 'n roep na Homself. Dit was 'n uitnodiging om dit wat bekend was agter te laat, in vertroue uit te tree en 'n lewe van verhouding met Jesus binne te gaan. Hy roep gewone mense — vissermanne, 'n tollenaar en 'n paar ander — en nooi hulle om saam met Hom te wandel, na Hom te luister, by Hom te leer en die lewe met Hom te deel.

> "Kom, volg My, en Ek sal julle vissers van mense maak."
>
> MATTEUS 4:19

Hy roep gewone mense tot 'n buitengewone verhouding met Homself.

1 'N UITNODIGING, NIE NET 'N TAAK NIE

Toe Jesus die eerste dissipels geroep het, was Hy nie bloot besig om werkers vir 'n bediening te werf nie. Hy het hulle in Sy lewe ingenooi. Matteus 4:19 wys vir ons die groter prentjie — om Jesus te volg sou lei tot deelname aan Sy sending, maar dit het met 'n persoonlike roeping begin:

> "Kom, volg My, en Ek sal julle vissers van mense maak."
>
> MATTEUS 4:19

Die roep om te volg, is wat beide 'n huidige en toekomstige werklikheid. Dit is 'n uitnodiging om nou te kom, én 'n belofte van verandering:
"Ek sal julle maak..."

2 AGTERLAAT EN VOLG

Die dissipels het hulle nette, hulle bote, hulle vader en hulle tolhuis agtergelaat. Om Jesus te volg, het 'n werklike reaksie vereis. Dit het beteken om sekuriteit, gemak en beheer los te laat. Tog het hulle gevolg.

> "Hulle het dadelik hulle nette gelos en Hom gevolg."
>
> MARKUS 1:18

Hulle reaksie herinner ons daaraan dat om Jesus te volg altyd 'n besluit behels, maar dit is 'n besluit wat gemaak word in antwoord op Sy roepstem, nie 'n besluit wat deur ons eie vermoë gedryf word nie.

HY ROEP GEWONE MENSE TOT 'N BUITENGEWONE VERHOUDING MET HOMSELF.

3 'N ROEP OM BY HOM TE WEES

Markus 3:14 gee vir ons besondere insig in die doel van hierdie roeping. Jesus het die Twaalf aangestel:

> "...dat hulle by Hom kon wees en dat Hy hulle kon uitstuur om te preek."
>
> MARKUS 3:14

Teenwoordigheid het sending voorafgegaan. Die dissipels is geroep om by Jesus te wees — om Sy wë te leer ken, Sy karakter te sien, Sy liefde te beleef en deur Hom gevorm te word.

BY HOM. DAN GESTUUR.

4 HY ROEP STEEDS VANDAG

Die roep om te volg was nie net vir die eerste dissipels nie. Jesus roep steeds vandag mense na Homself. Die uitnodiging mag anders lyk, maar die hart van die roeping bly dieselfde:

> "Volg My."

Dit is 'n roep tot 'n lewe van verhouding, leer, gehoorsaamheid en sending — 'n roep om saam met Jesus te wandel, deur Hom gevorm te word en deel te neem aan dit wat Hy in die wêreld doen.

DELF DIEPER

Lees Markus 1:16–20; Matteus 4:18–22 en Lukas 5:1–11.
Let op die ooreenkomste en unieke besonderhede in elke vertelling.
Vra dan:

Wat openbaar Jesus se roeping oor Sy hart, Sy Koninkryk en die soort mense wat Hy kies?



Scripture & Soil * Preview

STOP & Delf Dieper

GETREK • GEROEP • BY HOM • BLY

Voordat ons dieper in Johannes 15 ingaan,
stop eers en keer terug na die Woord.
Volg self die beweging deur die Skrif.

Lees

Johannes 6:37–45 | Markus 1:16–20 | Markus 3:13–15 | Johannes 15:1–5

1 VOLG GOD SE INISIATIEF

Lees Johannes 6:37–45. Merk elke handeling wat aan die Vader toegeskryf word en elke handeling wat aan Jesus toegeskryf word. Merk daarna die reaksies van die persoon wat na Christus kom.

Wat openbaar hierdie gedeelte oor waar ons verhouding met Jesus begin?

2 VOLG DIE UITNODIGING

Plaas hierdie drie uitsprake langs mekaar en lees die gedeeltes:

"Volg My."
Markus 1:17

"Sodat hulle by Hom kon wees."
Markus 3:14

"Bly in My."
Johannes 15:4

Watter ontwikkeling sien jy?
Wat openbaar elke uitspraak oor die aard van dissipelskap?

3 KYK WEER NA DIE WINGERDSTOK

Lees Psalm 80:8–19 en Jesaja 5:1–7 saam met Johannes 15:1–5.

Hoe verdiep Israel se Ou-Testamentiese wingerdbeeld jou begrip van Jesus se verklaring: "Ek is die ware wingerdstok"?

4 VIND DIE BRON

Onderstreep in Johannes 15:1–5 alles wat die gedeelte oor die Wingerdstok sê, omkring alles wat dit oor die lote sê, en trek 'n blokkie om elke verwysing na vrug.

Waar kom die *lewe* van die *loot* vandaan?
Wat kan die *loot* sonder die Wingerdstok voortbring?

5 DINK TEOLOGIES

"Christelike volwassenheid beteken nie toenemende onafhanklikheid van Jesus nie, maar 'n al hoe dieper afhanklikheid van Hom."

Op grond van die gedeeltes wat jy gelees het, waarom verskil bly in Christus fundamenteel van geestelike selfverbetering of om bloot harder te probeer om vir Jesus te leef?

Stop & Dink Na

Waar het ek begin om Jesus te behandel as Iemand wat ek besoek, eerder as die Een in wie ek bly?

Scripture & Soil • Preview

9

DIE VADER, *die Landbouer*

"Ek is die ware wingerdstok, en my Vader is die landbouer."
JOHANNES 15:1

Jesus se eerste beskrywing in die gesprek oor die Wingerdstok gaan nie net oor Homself nie; Hy wys onmiddellik na die Vader. Die wingerd is nie sonder toesig nie. Die Vader is teenwoordig, betrokke en doelgerig in dit wat aan Hom behoort.

Die Vader se werk is nie lukraak nie, maar doelgerig — met die oog op vrugbaarheid in sy mense.

IN DIE WOORD
WAT DOEN DIE LANDBOUER?

Lees Johannes 15:1–8.
Merk elke verwysing na die Vader / Landbouer.

WAT DOEN DIE VADER?	WAT OPENBAAR DIT OOR HOM?
Johannes 15:1 Hy is die Landbouer.	
Johannes 15:2 Hy versorg die lote.	
Johannes 15:2 Hy snoei die onvrugbare en reinig die vrugbare.	
Johannes 15:8 Hy word deur vrug verheerlik.	

KYK WEER
DIE GROTER PLAASTJIE

Lees Johannes 15:1–2 en vergelyk dit met Jesaja 5:1–7.

Watter ooreenkomste sien jy tussen die eienaar van die wingerd in Jesaja 5 en die Landbouer in Johannes 15?

Watter belangrike verskil kom na vore wanneer Jesus Homself as die Ware Wingerdstok identifiseer?

Dieselfde hand wat snoei, plant, beskerm en bring vrug voort.

NEEM KENNIS

Johannes 15 gee vir ons 'n beeld van die Vader se doelgerigte werk in sy mense. Dit gee ons nie toestemming om elke pynlike omstandigheid in die lewe as "God wat my snoei" te bestempel nie. Ons interpreteer snoei in die lig van die volle raad van die Skrif en die karakter van die Vader.

DIE WERK VAN 'N LANDBOUER

In die antieke Nabye Ooste het 'n landbouer die wingerdstokke sorgvuldig versorg, opgepas en gesnoei om hulle gesond en vrugbaar te hou. Dit gee ons 'n kykie in die Vader se hart en sy werk in ons lewens.

HOU DOP
'n Landbouer moet die toestand van die wingerdstok ken.

VERSORG
Die wingerd ontvang doelbewuste aandag en sorg.

SNOEI
Groei word doelbewus in die rigting van vrugbaarheid gelei.

BEWERK
Vrugbaarheid vind plaas binne die aandagtige sorg van die Landbouer.

VOORDAT ONS OOR SNOEI PRAAT ...

Wat verander wanneer jy besef dat die hand wat die loot snoei, behoort aan die Vader wat die wingerd nog altyd versorg het?

Scripture & Soil * Preview